



REEKS


AFRIKAANSE KULTUUR & OORTUIGINGS

AFRIKAANSE FEESTE

—deur Peter Hammond



Feeste het 'n groot deel uitgemaak van die Afrikaner se kultuur en was 'n geleentheid om dankbaarheid of vreugde uit te druk oor historiese gebeure. Verskeie eeufeste is gevier wat belangrike gebeure herdenk, byvoorbeeld die koms van Jan van Riebeeck (1652) in 1952 en die eeufees van die Groot Trek in 1938.



VAN RIEBEECKDAG
Tot en met 1994 is 6 April as 'n openbare vakansiedag, Van Riebeeckdag, gevier. Jan van Riebeeck het met drie skepe, die Dromedaris, Reijger, en Goedehoop, in Tafelbaai aangekom en die buitepos gestig wat ontwikkel het tot die Kaapstad van vandag. Toe hy op 6 April 1652 in Tafelbaai aan wal stap, was sy gebed "vir geregtigheid en ware, volmaakte Christelike leer om onder die heidene van die vasteland gevestig en verkondig te word." "Sodat die mense op aarde U weg kan ken, onder al die nasies U heil." Psalm 67:3.

Politieke gebeure is ook met feeste gevier en herdenk, soos byvoorbeeld die Uniefees in 1960 en die Republiekfees in 1966 tot die Republiek van Suid-Afrika vyf jaar oud geword het:

Republiekdag
Op 31 Mei 1902 is die Verdrag van Vereeniging gesluit toe die Tweede Anglo-Boereoorlog beëindig is. Die Unie van Suid-Afrika is op 31 Mei 1910 gestig en die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961. Republiekdag is elke 31 Mei gevier tot 1994, toe Suid-Afrika weer by die Statebond aangesluit het.



Gelofterkerk, Pietermaritzburg

Geloftedag
Die beslissende Slag van Bloedrivier het op 16 Desember 1838 plaasgevind, waar 464 Voortrekkers 'n reusagtige Zoeloe-mag van 15 000 man verslaan het. Met Dingaan se nederlaag het die geestelike bevryding van die Zoeloevolk begin. Voor die slag was daar ten spyte van dekades se sendingwerk, sover bekend, geen Zoeloe-bekeerlinge wat Christus aangeneem het nie. Ná daardie dag – Geloftedag – het die Zoeloes eers in hulle honderde, en toe in hulle duisende na Christus gekom.



'n Sonstraat verlig die senotaaf op 16 Desember by die Voortrekkermonument

Afrikaanse Christene het 'n pragtige sendingstasie en -kerk by uMgungundlovu opgerig, binne sig van die plek waar die Voor-

trekkerleier, Piet Retief, en sy 100 volgelinge wreedaardig vermoor is. Daar is ook 'n skool vir blindes en 'n opleidingskollege vir evangeliste gebou, sowel as ander uitdrukkings van Christelike liefde vir hulle voormalige vyande. "Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en Sy Gebooue onderhou in duisende geslagte." Deut 7:9.

Op die 28ste herdenking van die Slag van Bloedrivier, op 16 Desember 1866, het Cetshwayo hom by die veterane van die slag aangesluit op die terrein waar die slag plaasgevind het, vir 'n dankseggingsdiens aan God. "Sedert daardie dag heers daar vrede tussen ons, en is ons bure en vriende," het prins Cetshwayo, later die Zoeloe-koning, verklaar. Die Zoeloes en die Boere het nie weer slaags geraak nie. (Die Boere het in 1879 geweier om die Britte by te staan in hulle oorlog teen die Zoeloes.)



Krugerdag (Heldedag)
Paul Kruger is op 10 Oktober 1825 gebore. Hy het die Groot Trek as 'n tienjarige seun onder leiding van Hendrik Potgieter meegemaak. Paul Kruger was op elfjarige ouderdom een van die 40 mans wat 5 000 Matabele-krygers op 20 Oktober 1836 suksesvol by die Slag van Vegkop verslaan het. Met sy verkiesing tot president van die Transvaal, op 30 Desember 1880, het Paul Kruger 'n sleutelrol gespeel om Transvaal se onafhanklikheid van die Britte te bekom. Die Transvaal het onder sy bewind geweldig vooruitgegaan. Die natuurreservaat waarvoor hy die baanbreker was, staan vandag bekend as die Krugerwildtuin. "U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U." Jesaja 26:3.
Krugerdag is die eerste keer in 1882 ter viering van Paul Kruger se lewe gevier, maar met die Britse oorname van die Zuid-Afrikaanse Republiek, het hierdie gebruik ten einde gekom. Dit is in 1952 as Heldedag heringestel, tot 1994 toe dit nie meer as 'n openbare vakansiedag erken is nie.



Inhuldiging van die Voortrekkermonument
• Die hoeksteen van die Voortrekkermonument is op 16 Desember 1938 tydens die eeufesviering van die Groot Trek deur drie afstammelinge van Voortrekkerleiers – die kleindogter van Andries Pretorius, die agterkleindogter van Hendrik Potgieter en die agterkleindogter van Piet Retief – op Monumentkoppie gelê. Dit was die inspirasie vir 'n groot volksfees en is landswyd gevier – selfs in die kleinste dorpie.
• Op 16 Desember 1949 is 'n tweede groot fees gehou vir die inhuldiging van die

Voortrekkermonument.
• Elke Geloftedag kom daar baie mense by die monument byeen. Elke jaar op 16 Desember om twaalfuur, skyn 'n sonstraat deur 'n opening in die koepel direk op die middel van die senotaaf in die kelder wat die woorde, "Ons vir jou Suid-Afrika", verlig. Die ligstraat simboliseer God se seën op die wel en weë van die Voortrekkers. "Geloof sy die Here, my rots, wat my hande leer om te veg, my vingers om oorlog te voer – my goedertierenheid en my bergvesting, my skans en my redder, my skild en die Een by wie ek skuil..." Psalm 144:1-2.



AFRIKAANSE FEESTE

GEESTELIKE VAKANSIEDAE:



Hervormingsdag

Gereformeerde kerke wêreldwyd vier 31 Oktober as die geboortedag van alle Evangeliese kerke wat in die Bybel glo. Dr. Martin Luther het op 31 Oktober 1517 die Protestantse Hervorming begin deur sy 95 stellings teen die deur van die Schlosskirche (Kasteelkerk) in Wittenberg vas te spyker. "Sal U ons nie weer lewend maak, sodat U volk in U bly kan wees nie?" Psalm 85:7.

Kersfees

Tydens Kersfees, op 25 Desember, word die grootste Geskenk – die koms van onse Here Jesus Christus – gevier. Die menswording. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie maar die Ewige Lewe kan hê." Johannes 3:16.



Goeie Vrydag

Op Goeie Vrydag herdenk ons plegtig die Versoening van onse Here Jesus Christus, Sy groot offer aan die Kruis van Golgota. Hy het vir ons sondes gely, gebloei, en gesterf. Hy het die straf verduur wat ons verdien – sodat ons die beloning kan geniet wat net Hy verdien. "Maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondears was." Romeine 5:8.

Opstandingsondag

Op Paassondag vier ons Christus se oorwinning oor die dood, die hel en die graf. Ons dien 'n Verlosser wat opgestaan het! Die dood is oorwin. Christus het opgestaan! Onse Here Jesus Christus is die opstanding en die lewe. "...en na die Gees van Heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here." Romeine 1:4.

Hemelvaartdag

Ons vier Hemelvaartdag, die dag toe Christus na die Hemel opgevaar het, 40 dae ná Opstandingsondag. Hy leef vir ewig en is verhewe en sit op die troon aan die regterhand van God die Vader, die Almagtige. Hy is bo elke ander naam en gesag in die Hemel en op aarde. Jesus is die Koning van die konings en die Here van



die here. Hy is ons Voorspraak in die Hemel. Hy hoor ons gebede. Hy sal al Sy vyande verbrysel. Hy sal weer kom. Daarom moet ons uitgaan en dissipels van al die nasies maak. "Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die Hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader." Filippense 2:9-11.

Kunsteefeeste:

In die 1990's het jaarlikse Afrikaanse kunsteefeeste die lig gesien om 'n tuiste te skep vir Afrikaans in die nuwe bedeling. Die 'pioniersfees' was die Klein Karoo Nasionale Kunsteefeeste (KKNK) in 1995 in Oudtshoorn, gevolg deur Aardklop in Potchefstroom en Innibos in Nelspruit.

Gaan voort om jou erfenis te vier

In 1994 is talle van die openbare vakansiedae en feeste verander. Sekere dae soos Kersfees en Nuwejaar is behou, maar dae soos Helderdag en Van Riebeeckdag het verval. Geloftedag is nou Versoeningsdag en Paasmaandag is Gesinsdag.

Afrikaners gaan egter voort om hulle erfenis te vier en as Christene moet ons nie versuim om ook ons Christelike erfenis, soos Hemelvaartdag, te gedenk nie – al word dit nie meer nasionaal gevier of erken nie.

DR. PETER HAMMOND is 'n sendeling, historikus en skrywer. Skakel: 021 689 4480; mission@frontline.org.za; www.ReformationSA.org